e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

28 Februarie 2013
Jaargang 6 – Uitgawe 4

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Die pad vorentoe vir die Hervormde Kerk

Die redaksie bied graag ruimte aan 'n verskeidenheid persone om hul perspektief op gebeure in die Kerk te verwoord. Hierdie bydrae is van 'n lidmaat van Gemeente Stellenbosch, Nic Combrink.

Hoe verstaan ons lidmate hervorming? Dit is insiggewend dat Jesus, wat met soveel liefde na sondaars uitgereik het, ongeduldig was met die Skrifgeleerdes omdat hulle God se boodskap nie suiwer oorgedra en uitgeleef het nie. Die hervorming waaruit ons Kerk gebore is, het gevolg nadat geestelike leiers van die Katolieke Kerk begin dwaal het. Dit kon na 'n edel doelwit geklink het om groot en indrukwekkende katedrale te bou, maar dit was onder valse voorwendsels gedoen deur onder andere aflaatbriewe in te stel om geld van lidmate in te vorder. Aardse agendas het dus die Bybelboodskap verwring. Hierdie dwalings het sonder weerstand ingesluip omdat gewone lidmate nie self toegang tot die Bybel gehad het nie. Dit was nodig dat Luther en ander Hervormers ingryp, dat daar weer geluister kon word na wat die Bybel sê en dat die Bybel vertaal is, sodat gewone lidmate dit ook kan lees.

Daarom het ons as gewone lidmate nou ook 'n taak om te help toesien dat die boodskap suiwer verkondig word. Maar soms is dit moeilik om te verstaan waarom besluite van Kerkvergaderings na 'n aantal jare weer heroorweeg word. Die Bybel dien tog as riglyn vir die Kerk en die Bybel het mos nie verander nie? My dominee sê dat navorsing voortdurend nuwe insigte oor die Bybel voortbring. As ons danksy daardie navorsing duisende jare gelede se geskrifte beter kan verstaan, verstaan ons die boodskap ook beter. Teoloë moet voortdurend die Bybel, as enigste riglyn vir ons Kerk, herondersoek en seker maak dat dit so goed moontlik geïnterpreteer word. Ons besef dat ons nie op aarde ooit volkome insig sal bekom nie, dat God te onpeilbaar groot is, dat geen mens alles van God kan verstaan nie, dat ons steeds soos deur 'n spieël in 'n raaisel kyk, maar tog is die kernboodskap duidelik: *Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.*

Die spanning wat gedurende die afgelope Algemene Kerkvergaderings ervaar is, is meegebring deur wedersydse beskuldigings dat eie agendas die verstaan van die Bybel verwring. Dit het ons opnuut onder die besef gebring van die gevaar om motiverings vir tradisies, politieke sienings of eie agendas in die Bybel te soek. Ons moet voordurend selfondersoekend en Skrifondersoekend daarteen waak dat ons die Bybel misbruik om eie agendas te motiveer. Ons moet toelaat dat die Bybel se riglyne ons kultuur en politieke sienings louter. As ek dan die minste moet wees en soos 'n slaaf moet dien, dan is dit goed so, maar ten einde nederig voor die Bybel se boodskap te buig, moet ons bereid wees om steeds te hervorm.

Hier volg 'n eie interpretasie van 'n preek wat ds Chris le Roux 'n paar jaar gelede gelewer het:

Moet ons U help regeer, o Heer, met mag gesag afdwing?
Kragdadig instaan vir U, Heer, u nuwe ryk help bring?
Hy toon die taak ons opgedra, sodat ons self kan sien,
dis liefde wat Hy van ons vra; dat ons mekaar moet dien.
Met skottel water op die grond, voetwassend leer Hy my,
dat knegwees my nie bind nie,
maar my inderdaad bevry.

Nic Combrink



Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhka.org**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhka.org** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Prop Suzelle Lange

Ds Joseph Steÿn

Beroep ontvang

- **Prop Suzelle Lange** na Rustenburg Jac van Belkum (benoeming)
- **Ds Joseph Steÿn** (studerend) na Orkney
- **Dr Piet Steenkamp** (losgemaak van Saffierkus en beroepafwagtend) na Pretoria-Noord (deeltyds)

Beroep aanvaar

- **Ds Joseph Steÿn** (studerend) na Orkney
- **Dr Piet Steenkamp** (losgemaak van Saffierkus en beroepafwagtend) na Pretoria-Noord (deeltyds)

Dr Piet Steenkamp

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed na **produksie@nhk.co.za**.



Prop Adriaan Benadie en sy vrou, Kryska

- Ds Frans en Edna Ras van Windhoek se **babaseun, Frans Hendrik,** is die oggend van Donderdag 28 Februarie oorlede. Hy was twee maande oud en steeds in die hospitaal. Ons innige simpatie gaan aan ds en mev Ras.

- **Prop Adriaan Benadie** word eerskomende Sondag, 3 Maart, in Gemeente Ottosdal georden. Dr Daan van Wyk (jr) sal namens die Kommissie van die AKV gelukwensings oordra.

- Die akte van losmaking is op sy eie versoek op 3 Februarie aan **dr Piet Steenkamp** oorhandig deur Gemeente Saffierkus. Dr Steenkamp is intussen beroep na **Gemeente Pretoria-Noord** in deeltydse hoedanigheid, en hy het die beroep aanvaar.

- **Prop Doret Müller** het 'n jeugwerkerspos by die NG gemeente Postmasburg aanvaar en het in Januarie reeds daar begin. Sy bly egter steeds lidmaat van die Hervormde Kerk.

- Gemeentes moet asseblief kennis neem dat die **SENTIK-boekwinkel** op **Vrydag 1 en Maandag 4 Maart** gesluit sal wees vir voorraadopname. Geen oproepe sal dan beantwoord word nie, geen pakkies sal afgehaal kan word nie, en geen personeel sal beskikbaar wees nie.

- ***Beeld*-Kinderfonds (BKF) Geweld teen Kinders: Spesiale deurkollekte Sondag 3 Maart.** Dit is die jaarlikse vrywillige deurkollekte wat voorheen aan ***Gesinsorg*** toegeken is.

Aksiegroep Gestremdheid

- **ADV se Jaar vir Gestremdheid: Respekteer en akkommodeer**. Moenie persone met gestremdhede behandel asof hulle ook verstandelik gestremd is nie. Slegs mense met gediagnoseerde verstandelike gestremdhede is verstandelik gestremd. Dowes, blindes, persone in rolstoele, ensovoorts, het dikwels meer verstand as die gemiddelde mens!

- ***Omgee-in-Aksie* (maandblad van die ADV).** Bly op die hoogte van die dienswerk wat die Hervormde Kerk op die terrein van barmhartigheid doen. Teken in op

Omgee-in-Aksie deur hier te klik:
http://www.diakens.co.za/index.php/adv-kommissie/omgee-in-aksie.html
Tik jou naam en e-posadres in die toepaslike spasies, maak seker dat die '*yes*'-knoppie gekies is, en klik dan op '*subscribe*'.

- **AGB-wenk:** Leer jou kinders om respek vir ouer mense te hê en hoe om dit met woord en daad uit te leef. Kyk by **www.diakens.co.za** vir meer inligting oor bejaardesorg.

- Alhoewel die ADV hierdie jaar vir aandag aan mense met gestremdhede uitgesonder het, bly **Bejaardesorg** 'n voortgaande diensveld wat sy huidige dinamika en voortgang moet behou. Dit staan vas dat daar baie bejaardes is wat ook met gestremdhede worstel en hulp en bystand nodig het. Trouens, bejaardheid as sodanig verg besondere uitreiking en dienswerk deur medegelowiges. Die **Aksiegroep vir Bejaardes (AGB)** rig hiermee 'n vriendelike uitnodiging aan alle Ringsdiakensvergaderings om die AGB uit te nooi om die RDV's by te woon, enkele mededelings oor vordering te doen en samewerking te bevorder. Skakel die voorsitter, dr Hennie van Deventer, by 082 786 8448, of stuur 'n e-pos na **htvd@worldonline.co.za**.

- Die eerste van 'n reeks van drie artikels deur dr Jan Dirk Th Wassenaar oor ***Volkskerk*** het in die jongste uitgawe van die Nederlandse kerkblad *HW Confessioneel* verskyn. Met die toestemming van die outeur en publikasie is hierdie eerste artikel op *Die Hervormer* se elektroniese gespreksblad ***Teologiese Gesprek*** geplaas. Gaan na **www.hervormer.co.za** → Teologiese gesprek om die artikel te lees.

- **Uitnodiging: Bydrae vir THT 2013.2.** Teoloë, filosowe, sielkundiges en kunstenaars kan **nog tot 8 April** 'n bydrae te lewer tot die tweede uitgawe van die *Tydskrif vir Hervormde Teologie* (THT). Die **tema** is die eerste deel (vrae 3-11) van die Heidelbergse Kategismus wat handel oor sonde, 'erfsonde', bose en die 'duiwel'. Die artikel hoef nie spesifiek oor die Kategismus te handel nie. Dit moet egter oor die tema handel. Ons nooi spesifiek ook lidmate uit wat nie teoloë is nie, om vanuit hul vakgebiede of werkterreine bydraes te lewer. Bydraes kan ook visueel van aard wees, of in die vorm van 'n gedig of lied. Vertalings van klassieke tekste kan ook aangebied word. Die **lengte** moet 1 500 tot 6 500 woorde wees. Kontak die redakteur, prof Natie van Wyk, by **aim1@mweb.co.za** of 082 448 4759 vir volledige inligting.

- **Bybelvasvra 2013: Leef met Dankbaarheid.** Die Landwye Bybelvasvra handel vanjaar oor die boek **Jakobus**. Verder vier ons ook in 2013 die 450ste verjaardag van die **Heidelbergse Kategismus**. Hoe gaan ons Jakobus en die HK bymekaar uitbring? Die laaste of derde gedeelte van die HK (Sondae 32-52) handel oor die dankbaarheid wat ons aan God vir ons verlossing verskuldig is. Ons gaan op hierdie gedeelte van die HK fokus vir 2013 se Vasvra en op Jakobus wat vir ons vertel hoe ons uit dankbaarheid teenoor God moet lewe. Hoe moet ons glo en doen bymekaar uitkom? **Bestek van 2013 se Bybelvasvra:** Al 5 hoofstukke van Jakobus, 3 artikels as agtergrond oor Jakobus wat in *Konteks* geplaas word (April, Mei en Junie 2013), asook die laaste gedeelte van die HK (Sondae 32-52) in die publikasie *So glo ons.* Laerskoolkinders leer slegs die 5 hoofstukke van Jakobus.

- **Gemeente Declercqville** in Klerksdorp beskik oor 'n vakature vir 'n **orrelis**. Stuur aansoeke na die gemeentelike kerkkantoor vir aandag Marie: faks 086 589 3343 of **m.swanepoel@lantic.net**. Vir navrae, kontak Kobus by 084 513 7588.

- **Gemeente Wonderboom** beskik oor 'n vakature vir 'n **orrelis**. Kontak die skriba, Pieter Mulder, by 012 567 2975 of **wboom@nhk.co.za**.

- **Gemeente Wonderboompoort** bied 'n **koelkamer** te koop aan. Dit is 'n losstaande buitekoelkamer in goeie toestand, 2,6 m hoog, 3 m wyd en 2,4 m diep. Die temperatuur kan beheer word tussen 2 en 10 °C. Daar is geen rakke aan die binnekant nie. Kontantaanbiedinge word ingewag tot 31 Maart. Die beste aanbod sal aanvaar word. Die koper moet asseblief self reël dat die koelkamer afgehaal word. Kontak Sieg Schwarzer (skriba) by 012 335 4181, 083 288 2779 of **siegfrieds@telkomsa.net**.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Ventersdorp: Sondag 17 Maart 09:00 vir 09:30**
  100-jaar-herdenking van inwyding van die kerkgebou
  Lidmate, oudlidmate, kinders en belangstellendes welkom
  Skakel ds Marius van Vuren by 018 264 2236
  of gemeentelike kerkkantoor by 018 264 2245

- **Gemeente Goede Hoop (Piet Plessis): 100 jaar**
  Feesnaweek 29 November tot 1 Desember 2013
  Basaar met sanger Pieter Smit, Nagmaal
  en hoeksteenoprigting op fondasie van eerste sinksaaltjie
  Gedenkalbum deur prof Hennie van der Westhuizen (prys later bekend)
  Navrae en bestellings aan ds Arno Nieuwhof by 073 240 6030
  of **arnonieuwhof@gmail.com** of op sy Facebook-blad

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 8 Maart, en word hartlik geluk gewens.**

  - Donderdag 28 Februarie: Di Anneline Geyer (Kempton Park-Oos) en Herman Meyer (Steelpoort)
  - Vrydag 1 Maart: Di Yolandé Benadé (Westonaria) en Chantel Francis (NG Pietersburg-Oos)
  - Saterdag 2 Maart: Di Johan Delport (Wapadrant) en Etienne Fourie (Kempten)
  - Maandag 4 Maart: Di Andries Scholtz (Kuruman/Upington) en Johan Smit (emeritus)
  - Dinsdag 5 Maart: Di Jasper van der Westhuizen (Randfontein Midpark) en Wouter van Wyk (Verwoerdburg)
  - Woensdag 6 Maart: Ds Mariaan Delport (Sionspoort)
  - Donderdag 7 Maart: Ds Deon du Toit (Verwoerdburg)

Beplande vergaderings

- Donderdag 21 Februarie: Werkwinkel van die Ondersteuningsraad
  Bestuurskomitee van Bejaardesorg
- Vrydag 22 Februarie: Raad van Finansies
- Woensdag 27 Februarie: Beurskomitee
- Donderdag 28 Februarie: TOIBO
  Personeelpensioenfonds
- Vrydag 1 Maart: Welstand van predikante en gemeentes
- Woensdag 6 Maart: Personeeldag van die Ondersteuningsraad
  Direksie van die Kinderhuise
- Donderdag 7 Maart: Kommissie van die AKV
- Vrydag 8 Maart: Kommissie van die AKV

Kursusse en toerusting

- **RDV Wes-Kaapland: MIV-werkwinkel**
  Saterdag 16 Maart 08:30 vir 09:00

By Gemeente Kaapstad, preekpunt Tygerberg
ME Rothmanstraat 29, Parow-Noord
Navrae aan Tarbi Prinsloo (RDV-voorsitter) by 083 228 5590
of ds Kathleen Smith by 021 551 5264

Beskikbare behuising

- **Kamerfasiliteit in Huis Riekie Boshoff, Brooklyn**
  Lieflike ruim kamer met gedeelde geriewe vir enkellopende dame
  Hierdie boomryke, rustige omgewing is naby winkelsentrum geleë
  Gereelde sosiale programme
  24-uur-sekuriteit
  Moet bo 55 jaar en nog selfversorgend wees om trappe te klim
  Koste vir kamer R1 800 per maand (sluit krag in)
  Kontak mev Jo-Mari Haarhoff by 012 346 2418

Konserte en feeste

- **Woensdag 13 Maart om 20:00: Gemeente Montana-Oos**
  Optrede van Jannie Moolman in die Atterbury-teater
  Daventrystraat 4, Lynnwood Bridge-sentrum, Lynnwood Manor, Pretoria
  Toegang R120
  Om kaartjies te bespreek, kontak Hannelie van Rooyen by 072 124 6698
  of **vanrooyenhannelie@gmail.com**

- **Vrydag 19 April om 19:00: Gemeente Ventersdorp**
  Griekse aand met Yoti die Griekse Boertjie
  Aansitete tydens die optrede
  Volwassenes R100 per persoon
  Laerskoolkinders en jonger R50 per persoon
  Kontak Ina van Vuren by 084 602 7300
  of die gemeentelike kerkkantoor by 018 264 2245

Kampe en toere

- **Gemeente Hartbeesfontein: Mannekamp**
  Vrydag 1 tot Sondag 3 Maart
  Tema: *God se Krag, jy in God se hand, tot sy beskikking*
  Paardeplaats-feesterrein
  Vanaf Hartbeesfontein, neem Lichtenburg-Coligny-pad vir 20 km
  Volg wegwysers na links
  R100 per persoon
  Navrae: Ds Petrus Harmzen by 082 777 4253

- **Vrouekamp 2013: 19 tot 21 April**
  Mopani Lodge, net buite Pretoria
  Sprekers ds Janine Bevolo-Manders en ds Marna Naudé
  R550 per persoon (akkommodasie en etes ingesluit)
  Kontak Jana Peenze by 083 7345 426 of **janapeenze@vodamail.co.za**
  of Stefanie Theron by 082 825 7944 of **stef1@absamail.co.za**

- ***Konteks*-leserstoer na Turkye: 2 tot 18 Oktober 2013**
  15 dae op die voetspore van Paulus, Johannes en die eerste Christene
  Toerleier: Prof Ernest van Eck
  Plek vir slegs 30 – bespreek betyds!
  Kontak prof Van Eck by 012 420 3804 / 082 413 2332 /
  ernest.vaneck@up.ac.za
  of Louise Geyser (reisagent) by 012 361 0579 / 082 560 4279 /
  louise.geyser@absamail.co.za

- **Toer saam na Israel en Egipte: 28 November tot 7 Desember 2013**
  Beleef God in die voetspore van Jesus
  Toerleiers: Ds Fanie Beukes en dr Francois Carr
  Vir meer inligting, kontak ds Beukes by 073 167 1183
  of per e-pos by **faniebeukes@yahoo.com**

Sportbyeenkomste

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Brits: Boufondsversoek**
  Dra by tot die gemeente se boufonds
  SMS **KERK** na **48716** en dra R10 by
  Fondse word gebruik om die geboue te herstel
  Meer as een SMS is baie welkom
  Navrae aan ds Kobus Celliers by 012 252 0158

- **Gemeente Kaapstad: Vrydag 1 Maart: Somerkosfees**
  By preekpunt Tygerberg: ME Rothmanstraat 29, Parow-Noord
  Heerlike Hollandse gebak, krokette, pap-en-wors en vele ander
  Navrae aan Johan Smith by 076 326 1322
  of ds Kathleen Smith by 021 551 5264

- **Gemeente Sasolburg-Suid: Vrydag 1 Maart vanaf 19:00 Boeredans**
  By AJ Jacobs Primêre Skool, Wepenerstraat, Sasolburg
  Lewendige boereorkes en DJ met musiek deur die dekades
  Bring eie eet- en drinkgoed
  R40 per persoon
  Bespreek by **nhksasolsuid@matrixnet.co.za**
  of by Elize 083 412 5802 of by Lisa-Mari 083 943 4561

- **Gemeente Leeudoringstad: Vrydag 8 Maart: Boemelaarsdans**
  In die boeresaal
  Kontak Carlien Lourens by 078 614 5525

- **Klap-'n-tekkie vir Van Rensburg Monumenttehuis: Saterdag 9 Maart**
  Fonteine, Pretoria
  Vanaf 07:00
  Kontak Elma by 082 954 7955 of **ruelma@vodamail.co.za**

- **Gemeentes Hartbeesfontein en Gerdau: Fondsinsameling 1000 Wen-'n-boerdery en Noag-se-ark-skildery**
  Geleentheid om R50 000 in te samel

Pakket van 50 kompetisieboekies met 11 kaartjies in elke boekie
Betaal R5 000 vir pakket van R55 000
50 pryse te wen, in totaal meer as R100 000 werd
Wen plaasdiere, bokke, varke, duiwe en vele meer!
Trekking in Oktober 2013
Kontak Barry of Marthie Pretorius van Hartbeesfontein
by 018 431 0331, faks 086 550 1874 of **barrypret@lantic.net**
Verdere navrae aan ds Petrus Harmzen by 082 777 4253

Basaars en markte

- **Vrydag 1 en Saterdag 2 Maart vanaf 08:00**
  Gemeente Klerksdorp-Wilkoppies: Hartsgoedfees
  hv Vlei- en Dr Yusuf Dadoostraat, Wilkoppies
  Vrydag vroeg tot laat: Eetgoed vir elke smaak, tuisgebak, vars vleis, tombola, witolifant, vlooimark...
  Saterdag tot 13:00: Vroeë vonkelontbyt, rekspring, seepkiskonsert, hartsgoedfilms, vierwieltydren, veteraanmotors...
  Aand: Waenhuisdans op Bietjie-Bos
  Navrae: Gemeentelike kantoor 018 468 7008 / skriba 083 458 3190

ANDER NUUS

- **Die OSR** (die OSR is nou amptelik die Ondersteuningsraad se verkorte naam) het **poste** vir gekwalifiseerde, Afrikaanssprekende **maatskaplike werkers** by die volgende kantore beskikbaar: Pretoria; Vanderbijlpark; Kempton Park; Lydenburg; Nylstroom (halfdagpos); Elsburg; Rustenburg. CV's kan gerig word aan **oraad@nhk.co.za**, of skakel 012 322 8885 x290 om 'n aansoekvorm te bekom. **Sluitingsdatum: 15 Maart 2013.**

- Die **OSR Lydenburg**, in samewerking met hul kantoorkomitee, bied van **Dinsdag 5 tot Donderdag 7 Maart** 'n **werkwinkel** aan oor die **hantering van alkohol- en dwelmmisbruik**. Die werkwinkel word aangebied deur Sorika de Swardt, voorheen in diens van Elimkliniek se Professionele Afhanklikheidsentrum. Die aanbieding sluit in die identifikasie van substansmisbruik by 'n persoon, die verwysingsproses, asook nasorgdienste. Die koste beloop R1 000 per persoon en sluit werkwinkelmateriaal en middagete in. Belangstellendes kan die OSR-kantoor skakel by 013 235 2847, of navrae rig aan **elimlydenburg@gmail.com**.

- Dit is vir die **OSR** 'n groot voorreg om die professie **Maatskaplike Werk** onder die Kerk en die wyer publiek se aandag te bring. **Dinsdag 19 Maart** is **Internasionale Maatskaplikewerkdag**. Die OSR het besluit om hierdie dag met al haar kantore landwyd te vier. Die Raad se maatskaplike werkers beskou hulself as bevoorreg om na die leed van ander om te sien, en om na mense uit te reik en hulle aan te raak. In die proses word hulle ook aangeraak deur die mense wat hulle dien en kan hulle nie blind wees vir ander se nood nie. Dit is die OSR se opregte hoop dat mense op hierdie dag net vir een kort oomblik sal dink aan en ook op hul beurt sal uitreik na hierdie maatskaplike werkers wat onder baie moeilike omstandighede en dikwels in gevaarlike situasies die enigste buffer is tussen 'n woedende en aggressiewe ouer en hul weerlose kind(ers). Hulle sê ook dankie vir die voorreg om op hierdie wyse deel van die Kerk te wees.

- Die **OSR Pretoria** bied hul **jaarlikse vakansieprojek** gedurende die Maart-skoolvakansie aan. Die projek vind plaas van **25 tot 28 Maart** en fokus op die **laerskoolkinders** wat deel uitmaak van die maatskaplike werkers se gevallelading (pleegkinders, kinders in plek van veiligheid, ensovoorts). Die doel is om hierdie kinders konstruktief tydens die vakansie besig te hou. Dit is kinders wat andersins nie die geleentheid sou gehad het nie weens hul ouers se finansiële onvermoë. Die

OSR is tans in die proses om fondse vir hierdie projek in te samel aangesien daar nie enige bydraes van die ouers verkry kan word nie. Die koste beloop ongeveer R180 per kind vir die vier dae, en sluit uitstappies, vervoer en middagetes in. Indien u enige verdere inligting benodig of 'n skenking wil maak, kan Natasha van Tonder by 012 325 2320 / **oraadpretoria@nhk.co.za** gekontak word.

- **Linmar Werkskepping** is 'n projek van die **OSR Krugersdorp**, waar werklose vroue opgelei is om naaldwerk te doen. Produkte wat gemaak word, word verkoop vir inkomste en ook om die projek in stand te hou. Linmar Werkskepping funksioneer heeltemal selfstandig. Daar word sterk daarop gefokus om kontrakte te bekom, en so word onder andere sweetpakke vir skole in die omgewing gemaak, uniforms vir gastehuise, ensovoorts. Die produkte wat gemaak word, getuig van hoë gehalte. Die dames bestee baie ure om hul produkte betyds klaar te kry en af te lewer. Die projek kry skenkings van voedsel, en benodig nou 'n vrieskas om die bederfbare produkte gevries te hou. Hiermee dus 'n vriendelike **versoek** vir die skenking van 'n **tweedehandse vrieskas**. Enige navrae kan aan Magda Erasmus by 011 952 1197 gerig word.

- **VERSORGERS EN HUISMOEDERS BENODIG**
  Cluny Farm, sentrum vir volwassenes met intellektuele gestremdhede
  Niewinsgewende organisasie in Kyalami
  Mans en dames tussen 18 en 35 kan aansoek doen
  Geldige rybewys noodsaaklik
  Stuur CV na **elise@emburst.co.za** of faks na 086 661 5467
  Navrae aan Khumo of Ria by 011 702 1690
  Besoek **www.clunyfarm.co.za**

- **GEREFORMEERDE KERK OOS-MOOT**
  450 jaar Heidelbergse Kategismus
  Donderdag 14 Maart 16:00 tot 22:00 (aandete en verversings)
  GK Oos-Moot, 31ste Laan 716, Villieria
  Toegang: Deurkollekte; ete moet vooraf bespreek word
  Sprekers: dr Attie Bogaards; dr Victor E d'Assonville;
  prof Jorrie Jordaan; dr Gerard Meijer; ds Erik van Alten
  Gespreksleier: Prof Dolf Britz
  Kontak **gkomkantoor@gmail.com**

Advertensies in die *e-Hervormer*

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Dit bestaan hoofsaaklik uit **teks van ongeveer 110 woorde** (u kan eenvoudige grafika of 'n foto voorsien), maar daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie** wees nie.

Die advertensie moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit)**.

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, v**erwysing: u naam + e-Hervormer Ads.**

AGTERBLAD

Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx
Advertensie-ontwerper: Mev Francis Nel